# Inventory of the private collection of

# CA van Niekerk

# PV50

## Contact us

**Write to:**
Archive for Contemporary Affairs
University of the Free State
P.O. Box 2320
Bloemfontein 9300
South Africa

**Visit us:**
Archive for Contemporary Affairs
Stef Coetzee Building
Room 109
Academic Avenue South
University of the Free State
205 Nelson Mandela Drive
Park West
Bloemfontein

**Telephone:**
+27(0)51 401 2418/2646/2225

**Email:**
arca@ufs.ac.za

## KATALOGUS VAN DIE PRIVATE DOKUMENTEVERSAMELING VAN SENATOR C.A. VAN NIEKERK

### INLEIDING

#### 1. TOEGANKLIKHEID

Kragtens die skenkingsvoorwaardes kan insae alleen verkry word met toestemming van die Direkteur van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis òf ds. H. C. Hopkins òf sy gevolmagtigde.

#### 2. CURRICULUM VITAE

Christiaan Andries van Niekerk is op 26 Augustus 1874 op die plaas Vegkop in die distrik, Heilbron gebore. Hy ondergaan sy skoolopleiding te Heilbron en aan die Wellington Hoërskool, terwyl hy hom aan die Victoria College op Stellenbosch verder bekwaam. Op 5 Januarie 1905 tree hy in die huwelik met mej. E.D. Enslin - 'n huwelik waaruit twee kinders gebore is. [1]

Met die uitbreek van die Anglo Boere-oorlog staak hy sy studies en sluit hy by die Kroonstadkommando aan. Hy word in Natal gewond, maar nadat hy herstel het, word hy tot kommandant verkies. [2] Tydens die oorlog tree hy ook op as vertaler vir generaal De Wet. [3]

Na afloop van die Anglo Boere-oorlog word hy as lid van die Repatriasie Raad aangestel en word ook in 1907 tot lid van die Vrystaatse Wetgewende Vergadering verkies. [4] In 1910 word hy deur die kiesafdeling Boshof onbestrede tot lid van die Volksraad verkies - 'n amp wat hy tot 1924 beklee het, toe hy tot senator verkies word. Hy bly onafgebroke senator tot 1961, terwyl hy ook vir die periodes van 1930 tot 1940 en 1948 tot 1961 president van die senaat was. [5]

Senator C.A. van Niekerk was nie net stigterslid van die Nasionale Party nie, maar het ook op verskeie parlementêre komitees gedien. [6] 'n Tydlank was hy ook politieke korrespondent van die Vrystaatse dagblad, De Vriend des Volks. [7]

#### 3. DIE DOKUMENTE EN HUL ORDENING

#### 3.1. HERKOMS

Hierdie versameling is deur ds. H.C. Hopkins aan die Instituut vir Eietydse

---

1. Wie is Wie in Suid-Afrika, 1962, p. 633.
2. Ibid.
3. South African Who's Who, 1952, p. 623.
4. Ibid.
5. Parlementêreregister, p. 41, p. 62 en p. 123.
6. South African Who's Who, 1952, pp. 623-624.
7. Wie is Wie in Suid-Afrika, 1962, p. 633.

Geskiedenis oorhandig.

3.2. ORDENING

By die bewaring van hierdie dokumente is geen stelsel of sisteem gevolg nie, en weens die relatiewe klein omvang van die versameling is die stukke slegs chronologies geplaas en is 'n katalogus daarvan opgestel.

Publikasies wat uit die versameling gelig, en by die pamfletversameling geplaas is, word in bylaag A aangetoon.

4. OMVANG EN FISIESE TOESTAND

Die versameling is in 'n goeie toestand van bewaring en beslaan 0,02 meter rakruimte.

# KATALOGUS

| Verwysing | Beskrywing | Datum |
|---|---|---|
| 1. | Verslag van die 11de Jaarlikse Kongres gehou in Bloemfontein. (N.P. OVS). | 21 en 22 Okt 1925 |
| 2. | Agenda met verslag van Sentrale Komitee en Besprekingspunte vir die 17de Jaarlikse Kongres in Bloemfontein. (N.P. OVS). | 14 Okt 1931 |
| 3. | Verslag van die 19de Jaarlikse Kongres gehou te Bloemfontein. (N.P. OVS). | 11 en 12 Okt 1933 |
| 4. | Agenda vir hoofbestuursvergadering | 2 Jun 1941 |
| 5. | Agenda en beskrywingspunte van die Jaarlikse Kongres. (HNP/Volksparty van die OVS). | 4 Jun 1941 |
| 6. | Agenda met verslag van Hoofbestuur en Beskrywingspunte vir die Jaarlikse Kongres. (HNP/Volksparty van die OVS) | 25 en 26 Okt 1949 |
| 7. | Notule van Hoofbestuursvergadering te Bloemfontein. (N.P.) | 25 Nov 1955 |
| 8. | Verslag van die verrigtinge van die Vrystaatse N.P.-Kongres in Bloemfontein | 31 Jul en 1 Aug |
| 9. | Reorganisasie van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty van Kaapland. | s.d. |
| 10. | Besluit i.v.m. Volkseenheid. | s.d. |

# BYLAE A : PUBLIKASIES

| VERWYSING | BESKRYWING | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| | **PAMFLETTE** | |
| - | HNP/Volksparty. **Verklaring van die Federale Raad**, Kaapstad: Herenigde Nasionale Party of Volksparty, 1941. | P24.283 |
| - | HNP/Volksparty, OVS. **Ontwerp-konstitusie en Statute**, Bloemfontein: Nasionale Pers, s.d. | P24.106 |
| - | HNP/Volksparty. **Ontwerpprogramme van beginsels en aksie, en konstitusie van die Federale Raad**. Opgestel deur die agerende Federale Raad van die Party vir voorlegging aan die eersvolgende vier Provinsiale Kongresse van die Party. Kaapstad: Nasionale Pers, 1940. | P24.66 |
| - | HNP/Volksparty. **Program van beginsels, aksie en konstitusie (1940)**. Konstitusie van Federale Raad, Kaapstad: HNP of VP, 1940. | P24.90 |
| - | **Koukusreglement van die Herenigde Nasionale Party/Volksparty**. Uitgegee deur die Parlementêre Koukus van die HNP/Volksparty, s.d. | P21.27 |
| - | N.P. van die Oranje-Vrystaat. **Beginsels, konstitusie, statute,** Bloemfontein, N.P., 1926. | P24.99 |
| - | **Orangia Unie. Besluiten genomen deur het kongres der Orangia Unie gehouden te Bloemfontein op 3 den en 4 den Mei 1906,** Bloemfontein: Vriend Drukkers en Uitgewers Maatschappij, 1906. | P24.118 |
| - | **Nasionale Vroueparty. Kaapprovinsie. Voorgestelde konstitusie van die Nasionale Vroueparty van die Kaapprovinsie,** Kaapstad: Nasionale Pers, s.d. | P24.58 |

| VERWYSING | BESKRYWING | OPMERKINGS |
| --- | --- | --- |
| | **TYDSKRIFTE** | |
| - | **Stryd**. Jaargang 1, Nr. 11, Mei 1941. | T64 |

28/10/97.